



SMART agri

'n Padkaart na laekoolstof- en klimaatsveerkragtige landbou

Wat is klimaatsverandering en wat veroorsaak dit?

- Klimaatsverandering beteken ons planeet raak warmer, met sommige gebiede wat natter word en ander wat droër word
- Dit maak ons weer ook meer onvoorspelbaar en meer ekstreem
- Dit word veroorsaak deur mense wat steenkool, olie en gas vir energie verbrand, en sodoende gasse in die dun laag lug rondom die aarde vrylaat en die hitte vasvang
- Slegte boerderypraktyke dra ook by tot klimaatsverandering
- Mense, plante en diere moet aanpas by die nuwe toestande



Hoe beïnvloed klimaatsverandering boerdery in die Wes-Kaap?

- Dit word warmer, met meer baie warm dae
- Reënval word meer onvoorspelbaar, met meer droë tydperke en droogte, maar ook meer swaar reënval
- Mense, gewasse en diere benodig meer water
- Meer siektes en insekplae asook nuwe soorte plae
- Baie koue wintersnagte en ryp word minder
- Meer intense veldbrande op plase en in die omgewing



Waarom is klimaatsverandering belangrik vir landbouwerkers?

- Dit sal die gewasse en vee verander waarmee geboer kan word, dus sal werkers nuwe soort kennis en vaardighede benodig
- Die lewensgehalte en welstand kan verminder word
- Soms kan dit 'n gevaar vir lewens en gesondheid inhou
- Dit kan die toekoms van werk in landbou vir jou kinders en hul kinders beïnvloed
- Toegang tot genoeg water sal baie belangrik word
- Maar landbouwerkers kan hulself voorberei vir die toekoms



Kan klimaatsverandering goed wees vir boerderye en landbouwerkers?

- Dit bevorder bewustheid van die risiko's van werk in die buitelig
- Dit bevorder bewustheid van die belangrikheid van 'n gesonde omgewing, insluitend grond, water en biodiversiteit
- Baie koue toestande in die winter sal minder dikwels voorkom en dit sal goed wees vir werkers in sommige gebiede
- Daar is geleenthede om te leer oor nuwe gewasse, nuwe vaardighede en nuwe werksgeleenthede wat nodig is soos boerdery aanpas by die nuwe toestande



1

Klop die hitte

- Beskerm jouself op baie warm dae en dra altyd 'n hoed
- Bly in die skaduwee, waar moontlik, gedurende warm tye
- Skep skaduwee deur plaaslike bome rondom jou huis te plant
- Drink baie water



2

Beskerm jouself en jou gesin

- Leer jou familie oor die gevare van uiterste hitte, swaar reënstorms, oorstromings en brande
- Beskerm jou huis en erf teen oorstromings
- Moenie vure in die buitelig maak wanneer dit warm en winderig is nie
- Moenie riviere oorsteek of ry op paai wat oorstrom is nie
- Wees op die uitkyk vir kinders en bejaardes tydens swaar weer - beide koud en warm



3

Wees waterwys

- Moenie kosbare water mors nie
- Stoor drinkwater in skoon en veilige houers
- Skakel waterkrane af as hulle nie gebruik word nie en herstel enige lekkasies
- Vang reënwater op vir huishoudelike en groentetuin gebruik
- Moenie afval in riviere, damme, kanale en vleilande gooi nie



4

Wees energie-wys

- Moenie energie mors nie, skakel ligte en elektroniese toestelle af wat nie gebruik word nie
- Gebruik energiebesparende gloeilampe en toestelle by die huis
- Dit sal jou ook geld spaar aangesien elektrisiteit baie duur word



5

Bly op hoogte

- Praat met mense op jou plaas en in jou gemeenskap oor klimaats verandering
- Wees meer bewus van hoe weer verander en hoe dit jou werk beïnvloed
- Versamel inligting uit betroubare bronne soos amptenare van die Wes-Kaapse Departement van Landbou
- Vind uit watter nuwe vaardighede jy kan leer wat in die toekoms nodig sal wees



SLUIT BY ONS AAN OM 'N SLIMWERKER TE WORD!

Stephanie Midgley | Wes-Kaapse Departement van Landbou
Kantoor: 021 808 5080 | Sel: 083 652 9062
StephanieM@elsenburg.com | www.greenagri.org.za

